VRAE VIR DIE WEEK SE BYBELSTUDIE AS GESIN

Maandag



1. Wat hoor jy?
2. Hoeveel Dissipels het Jesus gehad?
3. Wat moes hulle gaan doen?
4. Wat het hulle gesê toe hulle terugkom?

Dinsdag

1. Wat sien jy?
2. Het hulle deur hulle eie kragte gegaan?
3. Hoeveel ander mense het Jesus aangestel?
4. Waarheen moes almal gaan?

Woensdag

1. Hoe laat die storie jou voel?
2. Dink jy, ons kan mense help?
3. Wat sal ons kan skei van God?

Donderdag

1. Hoe kan jy `n verskil maak?
2. Wat kan jy elke dag doen?
3. Deur wie kan jy krag kry?
4. Wanneer moet ek vir Jesus begin werk? (ouderdom)

LUKAS 9 EN 10
UITSTUUR VAN SEWENTIG DISSIPELS

Lukas 10:19-20:"
Kyk, Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie. Maar julle moenie daaroor bly wees dat die geeste aan julle onderworpe is nie, maar wees liewer bly dat julle name in die hemele op geskrywe is"

Het jy al gesien hoe `n klein vuurhoudjie `n hele vuur aan die brand steek? Een oomblik was daar nog net `n klein vlammetjie en net daarna knetter al die takkies. Dan begin die stompe brand en die vuur brul!

Eendag het Jesus sy twaalf dissipels saam geroep en aan hulle mag en gesag gegee oor al die duiwels en om siektes te genees. Hy het hulle toe uit gestuur om die koningkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak. Hulle het dit gedoen!

Daarna het Jesus weer sewentig ander aan gestel, en hulle twee-twee voor hom uitgestuur na elke stad en plek waar hy sou kom.

Hy sê toe vir hulle: "Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes dat Hy arbeiders in sy oes uitstuur… En maak siekes gesond wat daarin is, en sê vir hulle: "Die koninkryk van God het naby julle gekom." Hulle het gegaan en dit gedoen! Baie mense het toe in Jesus geglo, is genees of bevry.

Toe hulle terugkom, was hulle baie opgewonde! "Meester, selfs die demone onder werp hulle aan ons in U Naam!" het hulle uit geroep. Jesus se Naam beteken Sy karakter en Sy outoriteit. Jesus sè toe: " Ek het die teenstaander soos `n weerligstraal uit die hemel sien val." Dis net toe dat Hy vir hulle sê dat Hy hulle die mag gee oor al die krag van die vyand! God wil sy Lig oor alle mense laat skyn, en daarvoor gebruik Hy sy helpers.

Vandag nog is dit so. As jy na Jesus se lig toe kom, en jou naam is in Sy boek opgeskrywe, gee Hy jou ook die vermoë om die vyand met al sy duisternis en geweld te oorwin. En niks sal jou van Hom kan skei nie!

Uitstuur van sewentigdissipels

oorwin
gesond
dissipels
vuurhoudjie
naam
Jesus
twaalf
opgewonde
koninkryk
knetter

Y	E	C	B	K	Q	J	K	N	E	T	T	E	R	Z	G	V
S	S	R	E	O	A	F	L	A	A	W	T	S	P	F	C	L
B	L	B	D	H	P	J	H	W	G	N	C	U	Z	U	A	V
V	E	I	K	M	M	G	G	B	E	G	A	O	A	O	T	N
U	P	L	J	A	K	T	E	B	X	T	A	X	Z	E	I	J
U	I	H	E	A	Q	F	K	W	U	Q	G	E	S	O	N	D
R	S	P	G	N	Y	F	D	A	O	T	L	U	E	I	V	B
H	S	A	I	I	A	A	K	T	U	N	P	N	B	H	O	W
O	I	N	P	D	T	L	V	P	H	H	D	O	Y	Q	B	O
U	D	K	M	D	A	O	B	Q	S	U	S	E	J	W	O	S
D	A	C	F	K	D	K	A	K	Y	R	K	N	I	N	O	K
J	H	K	B	S	G	P	G	R	R	U	X	O	O	O	I	S
I	T	B	S	K	H	O	Y	W	N	R	P	D	O	P	L	A
E	C	X	F	Z	E	L	C	T	I	H	O	H	R	M	F	A
M	D	O	O	F	M	Z	G	K	E	L	Z	J	W	T	T	D
F	Q	J	Y	Q	M	D	E	M	N	L	T	N	I	W	H	A
P	W	B	D	T	O	B	X	Y	C	J	I	M	N	H	K	G